

Gedagtes op Reis

Op pad na Nagaoka 3/10/2009

Dink een van die unieke aspekte van menswees is die wye verskeidenheid van interaksies met dinge, diere en mense. Ek dink soms my dag is vol van teveel dinge. Vol van verskeidenheid aktiwiteite en verskillende verpligtinge. Ander se lewens lyk soms meer eenvoudig en minder kompleks en hulle gaan blykbaar sonder gesukkel deur die wêreld. Is dit 'n illusie? Meeste mense se lewe is vol van dinge, verantwoordelikhede en verpligtinge. Party net meer as ander en altyd, so lyk dit vir my, as gevolg van jou eie toedoen. Jou eie plan or gebrek daaraan.

Selfs hier in Tokyo is daar homeless mense. Boemelaars? Hulle het 'n fancy tas met uittrek handle, sambreel en rugsak, maar slaap in die straat. Bou 'n netjiese skerm van karton en miskien staan 'n fiets buite geparkeer terwyl meneer saans slaap. Party lyk nogal dronk. Almal het daardie gesig van een wat wind en weer moet trotseer met behulp van bietjie alkohol. Niemand sal jou pla nie. Nie jou oë soek om kontak te maak nie. Nooit by jou bedel nie.

Een, ordentlik aangetrek, woerts deur die reeks vuilgoedblikke op Tokyo stasie. Hy kry niks in die blikkies, die plastiek, die glas, die "ander gemors" afdelings, maar vis behendig met 'n draad hak twee tydskrifte uit die "koerant blik" voordat hy haastig weg skarrel. Sekondes later verskyn 'n beampete met uniform en wit handskoentjies trippel gebuk om die pilaar van blik tot blik, loer en voel in die asblikke asof hy wil seker maak niks is geneem en niks is gelaat. Twee keer om die pilaar soos moeder muis en verdwyn dan weer. Intussen het honderd pikkewyne uit verskillende rigtings verby geloop.

Het so 'n tydskrif dief 'n komplekse lewe behalwe om 'n ogie op die *law* te moet hou en sy draadhak met gekleurde linte te versier? Ek kan dit kwalik indink. Groot deel van die dag slaap hy en gaan haal sy maaltyd van oorskiet kos met toemaaktyd by een van die baie eetplekke binne loopafstand. Enige munte wat in sy hoed beland vul die res van sy behoeftes aan. Hierdie een hou van lees ook – seker nuut in die bedryf.

Hier is baie sulke eetplekke. Baie, baie. My nuutgevonde vriende, broers Yoshi en Kiyou wys daarop dat in die een vleuel van Hakata stasie, waar hulle een van hul 12 eetplekke bedryf, daar 42 sulke plekke is! Kompetisie het sy voordeel ook, veral as 'n half miljoen voete by jou deur verby stap elke dag.

Merkwaardig dat die twee eienaars self in die kombuis staan, dink ek hardop. Dit is 'n nuwe eetplek, en hulle beman dit self totdat hulle die regte personeel kan kry, is die antwoord. Nog twee sulke plekke kom Desember by. Yoshi het drie jaar as sjef in America/LA gewerk vir ondervinding sodat hy beter met die Engelse wêreld kan kommunikeer.

Hoe kompleks moet hulle lewe wees? Met hoeveel dinge en mense moet hulle interakteer? Met hoeveel krappe, stukke vis, vleis en noedelbakke moet hulle elke dag interakteer om hul kliënte gelukkig te hou? Die mens kan 'n woelige wese wees as hy wil.

Ons het te make met 'n spektrum van toestande. Aan die een kant is mev. X, die breindood statistiek in die hospitaal aan asemhaalapparaat gekoppel en aan die lewe gehou word tot behoud van familie se kollektiewe skuldgevoel.

Tussen mev. X, die boemelaar en Yoshi, is daar 'n hemelsbreë verskil in hul daaglikse omgang met mense en dinge. Yoshi gesels met sy kliënte, maak hul kos, bestuur sy resto's, bestel vars vis vir sushi en sashimi en ander wonderlike goed met pote. Sy dag is vol.

Maar dit is te danke aan die Yoshi's van die wêreld dat daar aktiwiteit en vooruitgang is. Hulle is die ratte van die ekonomie. Hulle stoot nie net hul masjien vorentoe nie, maar trek die nodige nader van ander. Hulle olie die ratte, draai die linger, stook die vuur. Laat dinge gebeur.

Daarinteen, met respek gesê, parasiteer die boemelaar op die samelewing en melk die breindood mev. X die mediese fonds tot net iemand se voordeel en baie se nadeel.

~~~



Broers Kiyou, Yoshi en Zheng Nan. Net Yoshi praat Engels.



My Japanese watookal, met binnegoed en bek gaargemaak, behendig met twee stokkies gedissekteer deur Chinese student in ekonomie, Nan.

(Maaltyd van rys, warm tofu, sop, gaar oester, vis minus sy kop en ruggraat)

## In Nagaoka by 'n vulstasie

Ek wonder wat op 'n groot kennisgewingbord staan. Klank die katakana hardop sodat Sudo my kan help: *a-ru-ba-i-tu*. Uitgespreek klink dit na *arbeits* dus ons Hollandse of Duitse *arbeid*. Wat beteken dit wil ek weet? Hulle soek deeltydse werkers, wprd ek ingelig. Die kennisgewing word vir my vertaal as "part time work available" Die woord *arbeits* word geassosieer met deeltydse werk.

Maar wat noem julle dit dan om voltyds in diens te wees? *sa-la-ri-i Well I'd never would have guessed that...*

Suto is verbaas oor my afleiding dat *arbeits* eenvoudig *werk* in die Germaanse tale beteken.

En dat die teken vir *stasie* is 'n kombinasie van *perd* en 'n ou *lengte* maat... Ek sê maar net.

Op reis

November 2009